Die Beeld
June 2011

BEELD
15 Jun 2011, p.6

'n Hawelose vrou in Hillbrow sit op die kombers wat aan haar oorhandig is en huil van blydskap. Foto: LERATO MADUNA

Trane vloei van blydskap oor kombers

Pauli van Wyk

Danksy mense en maatskappye se oop harte het 900 haweloses en sowat 1 000 kinders nuwe moed vir die winterkoue.

Volgens me. Juanita van der Merwe, woordvoerder van Metro Evangeliese Sorg (MES), het die ingenieurs- en wetenskapmaatskappy GIBB 400 komberse aan haweloses in Hillbrow geskenk. Landwyd borg dié maatskappy 1 600 komberse.

"Ons het 100 van dié komberse vandag (gister) in die strate van Hillbrow uitgedeel," het Van der Merwe gesê.

'n Hawelose vrou het in trane uitgebars toe sy haar kombers ontvang. Ander haweloses het die komberse dadelik om hulle gehang.

"Die grootste skenking het van DRD Gold gekom wat 500 komberse, 300 kindersweetpakke en 726 kinderbaadjies geborg het. Verskeie kerke samel ook komberse en klere in. Die veldtog het die afgelope 15 dae goed op dreef gekom en ons hoop om so voort te gaan."

Die Winterhoop-veldtog het op 1 Junie begin.